

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Maart 2019 Uitgawe 1

Budgeting for a brighter future

FINANCE MINISTER Tito Mboweni has called on the nation to embrace President Cyril Ramaphosa's State of the Nation Address task list, so that we can become a better South Africa.

During his recent Budget Speech in Parliament, Minister Mboweni assured South Africans that the country is on a bold new path and spoke about what government plans to do for the nation and its citizens.

citizens.

The Minister said that the Budget focuses on six areas. These include achieving a higher rate of economic growth; increasing tax collection; reasonable, affordable expenditure; stabilising and reducing debt; re-configuring state-owned enterprises (SOEs); and managing the public sector wage bill.

"Taxes raised in wealthier areas fund poorer provinces and municipalities. In this budget, 47.9 percent of nationally-raised funds have been allocated to national government, 43 percent to provinces and 9.1 percent to local government. Pro-poor spending continues to grow in real terms," he said.

● **Cont. page 2**

● **ECONOMIC GROWTH**


● **TAX**

● **EXPENDITURE**

● **DEBT**

● **SOEs**

● **WAGE BILL**



■ Finance Minister Tito Mboweni delivers the Budget Speech.

Social grant increases



R80 – Increase for old age, disability, war veterans and care dependency grants.
R40 – Increase for the foster care

Health



R717 billion – For health services, including the National Health Insurance.

Education



R30 billion – To build new schools and maintain infrastructure.



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews



Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

FREE COPY

Did you know? THE 2019 ELECTIONS WILL BE HELD ON 8 MAY 2019

Jong gesondheidswerkers reik uit in landelike KZN

KwaZulu-Natal se LUR vir Gesondheid, Sibongiseni Dhlomo, het jong mense in die gesondheidsberoep aangemoedig om hul gemaksones te verlaat en gemeenskappe in landelike gebiede wat gesondheidsorg nodig het, te help.

Die LUR het onlangs in Durban 'n werksessie vir die oriëntering en induksie van 268 studente toegesprek. Hulle kom van universiteite regoor die land en het aan die begin van Januarie met hul 12-maande gemeenskapsdiens begin.

Die 2019-groep gemeenskapsdiensbeamptes sluit tandartse, fisioterapeute, arbeidsterapeute, spraakterapeute en oudioloë in. Die instelling van verpligte gemeenskapsdiens in gesondheid het tydens die 1998/99-boekjaar begin toe voormalige President Nel-



Meer as 200 jong gesondheidswerkers is gereed om gemeenskappe in verskillende dele van landelike KwaZulu-Natal te help as deel van hulle indiensopleiding.

son Mandela aan bewind was. Hoewel dit aanvanklik op dokters en tandartse gefokus het, is dit nou ook van toepassing op ander gesondheidswerkers, insluitend terapeute en verpleërs.

"Die meeste van die dienste wat deur dié terapeute gebied word ontbreek gewoonlik daar (in landelike gebiede). Jy sien dit nie. Deur dié jongmense toe te

laat om in die gebiede in te gaan, hoef mense wat aan die gevolge van hoë bloeddruk, diabetes en beroerte ly, minder dikwels terug te gaan na stedelike gebiede waar die meerderheid van hierdie deskundiges is," sê LUR Dhlomo.

Frieda Maritz, 'n tandarts van Tshwane, het aan die Universiteit van Pretoria studeer. Sy is aanvanklik by

"Om gesondheidsdienste aan mense te kan bied wat nie toegang daartoe het nie, is nogal 'n lonende ervaring."

Ekhombe Hospitaal geplaas, voordat sy na Hlengisizwe Kliniek, oorgeplaas is. "Ek is heeltemal gelukkig om buite Durban te wees. Ekhombe is landelik, maar dit was 'n ervaring. Ek het baie oor my werk, geleer. Ek sien daarna uit om IsiZulu te leer praat, die gemeenskap beter te leer ken en 'n verskil te maak," sê Maritz.

Nombongo Ntswayi, 'n oudioloog van Kaapstad, het haar eerste paar weke by Christ the King Hospitaal in Ixopo, waar sy geplaas is, geniet.

"Wanneer jy met die mense van die Ixopo-gemeenskap werk, sien jy die ander kant van die lewe en waardeer die mense. Om gesondheidsdienste aan mense te kan bied wat nie toegang daartoe het nie, is nogal 'n lonende ervaring," sê Ntswayi.

Yashnita Ramsunder, 'n arbeidsterapeut wat aan die Universiteit van Kaapstad studeer het, is by Gama-lakhe Kliniek, buite Port Shepstone, geplaas. Ek is baie gelukkig daar, waar ek nege verskillende klinieke bedien. Waarna ek hierdie jaar die meeste uitsien, is om die armstes van die armes te help, om die gestremdes te help om onafhanklikheid in gemeenskappe te verkry en bewustheid van geestesgesondheid en gestremdheid te verhoog, want dit is waaroor ek passievol is," sê Ramsunder. **V**

Pasiënte het ook regte

MENSE WAT glo dat hulle swak sorg by 'n openbare gesondheidsfasiliteit gekry het, het die reg om 'n klag te lê.

Silusapho Nyanda

Vuk'uzenzele kyk in Maart, Menseregtemaand, na die regte van pasiënte wat gesondheidsfasiliteite besoek.

Gesondheidsorg is 'n basiese mensereg wat deur alle Suid-Afrikaners geniet behoort te word. Dit het die Departement van Gesondheid aangespoor om 'n Pasiëntemanifes saam te stel.

Die manifes stel dat almal die reg tot gesondheidsorg het, ongeag hulle vermoë om vir die behandeling te betaal.

"Behandeling en rehabilitasie behoort aan die pasiënt bekend gemaak te word om die pasiënt in staat te stel om sodanige behandeling of rehabilitasie en die gevolge daarvan, te verstaan," stel die manifes.



As pasiënte voel dat hulle onregverdig behandel is, of dat hulle regte geskend is, het hulle die reg om hul stem te laat hoor.

Pasiënte wat KwaZulu-Natal se openbare hospitale

gebruik, kan byvoorbeeld 'n direkte klag lê by openbare betrekkingebeamptes (OBB), wat in gesondheidsfasiliteite in die provinsie geplaas is.

"Ons het tans meer as 80

openbare hospitale in ons provinsie en 80 OBB's, sowel as ongeveer 10 gemeenskapsgesondheidsentrums, elkeen met sy eie OBB," sê KwaZulu-Natal se LUR vir Gesondheid, dr. Sibongiseni Dhlomo. Hy sê dat werksessies oor die jare gehou is om OBB's te bemagtig om ambassadeurs van die provinsie se openbare gesondheidsfasiliteite te word.

Ontevrede pasiënte mag ook hul klagtes by die Gesondheidsombudsman se kantoor indien.

Ricardo Makhanya van die Ombudsman se kantoor, verduidelik dat hy pasiënte se klagtes ondersoek en terugvoer gee oor elke saak.

Hy sê dat pasiënte eers klagtes by die betrokke gesondheidsfasiliteit moet indien en dat hulle daarna, as hulle steeds ontevrede is, die Ombudsman se kantoor kan nader. **V**

Jou reg tot waardigheid

- Elke pasiënt het die reg tot:
- 'n Gesonde en veilige omgewing
 - Deelname aan besluitneming
 - Toegang tot gesondheidsorg
 - Kennis van jou gesondheid
 - Versekering/mediese fondsskema
 - Keuse van gesondheidsdienste
 - Om deur 'n benoemde gesondheidsorgverskaffer, behandel te word
 - Vertroulikheid en privaatheid
 - Oorwoë toestemming
 - Weiering van behandeling
 - 'n Tweede opinie
 - Voortsetting van sorg
 - Om oor gesondheidsdienste te kla.

As jy 'n klag by die Gesondheidsombudsman wil indien, skakel die tolvrynommer 080 911 6472, of stuur 'n faks na 086 560 4157, of 'n e-pos aan complaints@ohsc.org.za, indien.